basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRFA.2**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) |
| AFDELING B: | Drama | (35) |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 3 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.


WESTERN CAPE

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

### AFDELING A: ROMAN

**Beantwoord slegs EEN vraag.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 12 |


### AFDELING B: DRAMA

**Beantwoord slegs EEN vraag.**


| | | |
|---|---|---|
| 4. *Poppie – die drama* | 35 | 16 |
| 5. *Paljas* | 35 | 20 |


### AFDELING C: KORTVERHALE

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.**


| | | |
|---|---|---|
| 6. "Rooi kombersie" | 18 | 24 |
| "Baby" | 17 | 26 |


### AFDELING D: GEDIGTE

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.**


| | | |
|---|---|---|
| 7. "Spore op die maan" | 18 | 28 |
| "Woorde" | 17 | 30 |


### KONTROLELYS

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–3 | 1 | |
| B: Drama | 4–5 | 1 | |
| C: Kortverhale | 6 | 1 (Sluit twee kortverhale in) | |
| D: Gedigte | 7 | 1 (Sluit twee gedigte in) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

Vandat hy kan onthou, is Oupoot die mees gevreesde olifant in die Bos. Geen houtkapper het sonder respek van hom gepraat of sy spoor gekry en nie onmiddellik gekyk watter kant die wind waai nie.

Hy was veertien toe hy Oupoot vir die eerste keer gesien het. Baie dinge het met hom gebeur toe hy veertien geword het ...

Die godsiekte het twee maande voor sy verjaardag deur die Bos getrek: masels, kinkhoes en plek-plek waterpokke. Magdalena moes eerste gaan lê. Toe Sara inval, het hul ma ook siek geword. Masels. Hy en sy pa en Jozef en ou Anneries het ver van die huis af kalander vir dwarslêers gewerk en van niks geweet nie.

Tant Martjie van oom Martiens Botha, wat ook by Groot Eiland huisgemaak het, het ou Maska gestuur om hulle te soek. As jy die Bos ken en weet in watter rigting om te soek, kan jy soek, so nie moet jy wegbly uit hom. Mens hoor 'n byl se kap diep Bos in en ou Maska het hulle die derde dag gekry. Oom Gert Oog-hulle het 'n paar myl huiskant van hulle gekap en hom gesê waar hulle is.

Hulle het die vuur doodgegooi en dadelik huis toe begin stap. Ses ure se harde stap. Toe die sewester vir middernag sit, het hulle Groot Eiland se oopte binnegeloop.

1.1 "Hy was veertien toe hy Oupoot vir die eerste keer gesien het." (Reël 4)

Wanneer het Saul vir Oupoot die eerste keer gesien? (1)

1.2 Olifante was maar een van die dinge wat die Bosmense gevrees het.

Waarom het hulle nooit die woord "olifant" in die Bos gesê nie? (1)

1.3 Daar was 'n besondere band tussen Oupoot en Saul.

1.3.1 Waarom kan ons sê daar was 'n besondere band tussen Oupoot en Saul? (1)

1.3.2 Gee TWEE voorbeelde uit die roman om jou antwoord op VRAAG 1.3.1 te motiveer. (2)

1.4 Saul se plan om vleiskos vir sy verjaarsdag te kry, het sy lewe verander.

1.4.1 Wat het die grootmense met 'n bloubokkie se kop gedoen as hulle 'n bloubokkie gevang het? (1)

1.4.2 Watter ontstellende ontdekking het Saul gemaak toe hy die bloubokkie se kop oopgekap het? (1)

1.4.3 Hoe het hierdie ontdekking Saul se siening van die grootmense verander? (1)

1.5 Op veertien het Saul ook vir die eerste keer die dorp gesien.

Wat was Saul se eerste reaksie toe hy uit die Bos die dorp binnegegaan het? (1)

1.6 Watter dorpskarakter het tydens Saul se eerste besoek aan die dorp ŉ goeie indruk op Saul gemaak? (1)

1.7 Noem EEN negatiewe ding wat Saul daardie eerste dag al van MacDonald se persoonlikheid raakgesien het. (1)

1.8 Saul-hulle het waenhout gebring, maar MacDonald het gesê hulle wou dwarslêers gehad het. Dit was maar een deel van die skewe sirkel wat Saul so goed leer ken het.

Gee nou nog TWEE voorbeelde van die skewe sirkel tussen die houtkopers en houtkappers. (2)

1.9 Nadat Saul-hulle weer weg is uit die dorp, het Saul vir sy pa gevra of hulle witmense was.

Waarom het Saul dit gevra? (1)

1.10 Joram het toe maar die kalander gaan kap vir dwarslêers.

Hoekom wou Saul nie die kalander afkap nie? (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.11) neer, byvoorbeeld 1.11 E.

Saul het <u>anders</u> as die Bosmense <u>gedink</u> en daarom het hulle hom gebrandmerk as ...

A verraaier.
B opstoker.
C oproerling.
D opstandeling. (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.12) en die antwoord neer.

Vir Saul was Oupoot en Maska deel van sy goeie herinneringe aan die Bos. Oupoot was Saul se dierbroer en in Maska het hy ŉ (mensbroer/hartbroer) gevind. (1)

1.13 Dink jy die verhouding tussen Saul en sy broer, Jozef, sou beter gewees het as Saul nie besluit het om by MacDonald te gaan werk nie? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Die Knysna het vol in die gety gelê toe hy teen die middag oor die laaste hoogte kom en sy perd inhou. So het hy dit onthou: op ŉ afstand waarvandaan die wonde nie sigbaar is nie. Hy was amper twee jaar weg! En daar was ŉ rustigheid in hom wat hom sonder haas daar laat sit het en hom die uitgestrektheid voor hom laat indrink het. Vandat hy die oggend wakker geword het met die wete dat hy gaan omdraai, het hy baie dinge met homself uitgemaak. Selfs oor Kate. Hy was soos ŉ huis wat aan kant is; in sommige laaie is dinge diep weggepak: sy gevoel vir Kate, al die ou kwaad en bemoeienis met dinge waaroor hy nie werklik beheer het nie. Hy sal tydsaam sy onderneming opbou. Aan die begin moet dit amper in stilte geskied; teen die tyd dat hulle agterkom waarmee hy besig is, moet hy húlle kan verras! Die eerste ruk sal hy weer sy intrek in die Royal Hotel neem en verkieslik ŉ plek koop waar hy kan woon en werk.

Hy is nie sonder hartseer uit Swellendam weg nie, ook nie sonder ŉ skuldgevoel teenoor ou Abraham en tant Annie nie.

"Jy't vreemd hier aangekom en eintlik gaan jy vreemd hier weg," het die ou man hartseer gegroet.

1.14 Waarom het Saul twee jaar tevore Knysna verlaat? (1)

1.15 Wat was die laaste guns wat Saul van MacDonald vir sy broers gevra het? (1)

1.16 "... al die ou kwaad en bemoeienis met dinge waaroor hy nie werklik beheer het nie ..." (Reël 8–9)

Noem TWEE dinge waaroor Saul vroeër nie beheer gehad het nie. (2)

1.17 Swellendam was vir Saul ŉ tyd van herstel en vrede vind.

Hoe het die omstandighede in Swellendam hiertoe bygedra? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.18) en die antwoord neer.

By Abraham Steyn het Saul geleer om (meubels te maak/ŉ besigheid te begin). (1)

1.19 Watter persoon, volgens jou, het die meeste hartseer in Saul se lewe veroorsaak? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

1.20 Saul het nuwe planne beraam om oor te begin.

Hoe het MacDonald hierdie planne laat skeefloop? (1)


WESTERN CAPE

1.21 Kies die karakter in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.21.1–1.21.4) neer, byvoorbeeld 1.21.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.21.1 | Saul sou Oupoot nooit verneder deur hierdie karakter toe te laat om hom te skiet nie. | A | Peter Crompton |
| | | B | Frank Jefferson |
| 1.21.2 | Hierdie karakter was ŉ ware vriend vir Saul toe hy teen sy familie se wense Saul met Patterson gehelp het. | C | Freek Terblans |
| | | D | Arend Botha |
| | | E | Alfred Conway |
| 1.21.3 | Hierdie karakter het Saul aangemoedig om aan te hou om vir Kate te veg. | | |
| 1.21.4 | Saul kon met hierdie karakter baie persoonlike emosies op die *Pictor* deel. | | |

(4 x 1) (4)

1.22 Hoekom het Saul steeds geglo dat hy en Kate nie ŉ toekoms saam kon hê nie? (1)

1.23 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.23) neer, byvoorbeeld 1.23 E.

Saul wou ŉ besigheid in Knysna begin omdat hy geglo het hy ...

A het geen ander opsies gehad nie.
B kon op hierdie manier sy familie help.
C kon op hierdie manier vir Kate beïndruk.
D sou geen ondersteuning buite Knysna kry nie. (1)

1.24 Watter uitwerking kon Saul se belofte aan Jozef aan die einde van die verhaal op hulle verhouding hê? (1)

1.25 Hoekom is dit suksesvol dat die skrywer van die roman ŉ alomteenwoordige verteller gebruik? (1)
**[35]**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

“Wonderlik!” roep Mana uit. “Ons beplan ŉ gróót partytjie in die gramadoelas!”

Watse partytjie, vra ek verbaas, ek dog dis net Sharon wat kom?

Maar Mana maak asof sy my nie hoor nie en vertel vir Gavin van hierdie stunning huis op ŉ berg waar ons gaan vakansie hou, laat dit soos ŉ vyfsterhotel klink, tot Gavin haar omtrent soebat om hom saam te nooi.

“Oukei, dan bly jy oor vir ŉ nag of twee,” sê Mana ingenome. Maak of sy nie sien hoe wanhopig ek my kop skud nie. “Wil jy iemand saambring? Die huis is groot genoeg, hoor!”

Net nie dít nie, dink ek, te wanhopig om selfs my kop te skud.

Asof dit nie erg genoeg is dat my moffie-pa op my verjaardag gaan opdaag om my voor my beste vriendin in die skande te steek nie. Sharon weet van Gavin, natuurlik, maar dis een ding om te weet van hom en heeltemal ŉ ander ding om hom in lewende lywe te sien. As hy nou boonop ŉ lover in swart leer of ŉ slangvelbroek moet saamsleep ...

“Dis die eerste woord wat ek van hierdie groot partytjie hoor,” sê ek deur geklemde kake toe Mana die telefoon neersit.

2.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.1) en die antwoord neer.

Mana het die partytjie vir Hanna se (veertiende/vyftiende) verjaardag beplan. (1)

2.2 Waarom was Gavin nie by Hanna se vorige verjaarsdae nie? (1)

2.3 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.3) neer, byvoorbeeld 2.3 E.

Gavin het met een van Hanna se vorige verjaarsdae gewys dat hy nie sy dogter se smaak geken het nie. Hy het vir haar ŉ ... as geskenk gegee.

A pen
B boek
C leerbaadjie
D slangvelbroek (1)

2.4 Alhoewel die kinders nie aan die begin saamgestem het dat die vakansiehuis op Botterberg “stunning” (reël 5) was nie, het hulle tog aan die einde van die verhaal hulle vakansie in hierdie huis geniet.

Waarom, dink jy, het die toestand van die huis hulle toe nie meer gepla nie? (1)

2.5 Hoekom kan ons sê dat Mana se besluit om vir Gavin deel van Hanna se verjaardag te maak, aan die einde van die verhaal vir Hanna net goed was? (1)

2.6 Hoe verskil Hanna se houding oor Sharon se koms na Botterberg teenoor haar houding oor Gavin se koms? (2)

2.7 Verwys na reël 11.

2.7.1 Wat was Hanna se houding teenoor haar "moffie-pa", Gavin, voor haar partytjie? (1)

2.7.2 Watter kompliment het Hanna aan die einde van die verhaal vir Gavin gehad? (1)

2.8 Noem DRIE feite omtrent Gavin se aankoms by die huis op Botterberg wat dit dramaties gemaak het. (3)

2.9 Waarom was Yann aan die begin so ongemaklik in Gavin se teenwoordigheid? (1)

2.10 Gavin het met hierdie verjaarsdag van Hanna vir haar ŉ gepaste geskenk gebring.

Motiveer die stelling deur na die gepastheid van die geskenk te verwys. (1)

2.11 Wat kon Hanna aflei uit die geskenke wat Beyers en Yann vir haar gegee het? (1)

2.12 Kies die karakter in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.12.1–2.12.4) neer, byvoorbeeld 2.12.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.12.1 | Hierdie karakter het ŉ spesiale aandete op Hanna se verjaarsdag voorberei. | A | Beyers |
| | | B | Margot |
| 2.12.2 | Hierdie karakter het ŉ paar gedigte vir Hanna op haar verjaarsdag voorgelees. | C | Yann |
| | | D | Mana |
| 2.12.3 | Hierdie karakter het Hanna se voorkoms tydens ŉ mooimaaksessie verander. | E | Gavin |
| 2.12.4 | Hierdie karakter het vir Hanna ŉ nuwe pen gegee. | | |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

“Moenie melodramaties wees nie, Gavin.”

“Sien jy wat ek bedoel? Selfs as ek simpatie soek, misluk ek!”

Ek dog hy huil. So ’n snaakse snik in sy stem. Toe besef ek hy lag.

Die koningin het ’n wrang laggie gegee. “Miskien moet ons ’n organisasie stig. *Mislukkers Anoniem.* ‘My naam is Margot Jordan en ek is ’n mislukking …’ ”

“Jou naam is nie Margot Jordan nie,” het Gavin haar herinner. “Jou naam is Margot *Jordaan.* Of dalk nog iets soos Magrieta Jordaan.”

“Erger, poplap. Véél erger.” Margot het nou behoorlik gelag. Glad nie tinkelend nie, eerder kekkelend. “Maria Gertruida Johanna Jordaan.”

’n Kwartier later het hulle hand om die lyf uit die kamer gestap. Asof daar nie ’n skewe woord tussen hulle geval het nie. Margot het haar verleidelikste glimlag vir ons geflits (haar gesig weer so swaar geverf soos altyd) en aangekondig dat sy vanaand ’n vertoning gaan gee wat ons nóóit sal vergeet nie.

“As julle eendag oud is,” het sy vir my en Sharon belowe, “sal julle vir julle kleinkinders kan vertel dat julle vir Margot Jordan in lewende lywe sien optree het. Dié Margot Jordan.”

Gavin het die hele program haarfyn uitgewerk. As ons kostuums wil gebruik, moet ons blitsig tussen twee nommers verklee.

2.13 Gavin en Margot het albei gedink dat hulle mislukkings is.

2.13.1 Hoekom het Margot gedink sy het in haar lewe misluk? Gee TWEE redes. (2)

2.13.2 Dink jy Gavin was reg om só oor homself te dink? Verduidelik jou antwoord. (1)

2.14 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.14) en die antwoord neer.

Margot het dikmond in haar kamer gesit, want sy het gedink sy sou nie betyds vir haar vlug (Johannesburg/Kaapstad) toe wees nie. (1)

2.15 Hoekom het Gavin die gesprek (in die uittreksel) met Margot begin? (1)

2.16 Watter karaktereienskap van Hanna kan die leser aflei toe sy Gavin en Margot se gesprek afgeluister het? (1)

2.17 Gee EEN voorbeeld wat daarop dui dat Gavin goeie leierseienskappe het. (1)

2.18 Noem EEN positiewe gevolg wat die konsert vir die gesin se verhoudings ingehou het. (1)


WESTERN CAPE

2.19 Gee TWEE redes hoekom Hanna na die konsert nie gelukkig was nie. (2)

2.20 Wie was die wenner van die konsert? (1)

2.21 Mana was bekend vir haar ongewone kleresmaak.

Hoe het sy in die konsert gelyk wat dit nog meer ongewoon gemaak het? (1)

2.22 Noem EEN ooreenkoms tussen Margot en Gavin wat sterk na vore kom in die konsert. (1)

2.23 Hoe het Hanna Fabienne en Jan se liefdesverhaal laat eindig ná hierdie konsert? (1)

2.24 Kies die KORREKTE woord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.24) neer, byvoorbeeld 2.24 E.

In Hanna se ongelukkige liefdesverhaal het Anna ŉ bekende ... geword.

A aktrise
B skrywer
C joernalis
D kunstenaar (1)

2.25 Wat sê dit vir die leser dat Hanna vir Margot die moederrol in haar roman wou gee? (1)
**[35]**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Attie se oë vernou meteens en Hermanus volg sy blik: ŉ blou bakkie kom vinnig aangery en stop onverskillig. Skalla, verslons geklee en met ŉ botteltjie bier in die hand, klim uit en stap na die Coetzee-tent toe aan.

Hermanus lyk verslae. “Schalkie?” prewel hy onhoorbaar.

“Pa,” praat Fred, wat ook vir Skalla gesien het, meteens agter Hermanus, “dis wat ek openlike uittarting noem.”

“Van wanneer af is hy hier?” Hermanus se oë volg vir Skalla, wat hom nou by die kring rondom Coetzeetjie-hulle aansluit.

Fred se stem bewe: “Seker spesiaal gekom om die dag te kom bedêm.”

Hermanus klink diep ontsteld: “Hy ... ignoreer ons. Hy groet ons nie eers nie.”

“Hy soek my, Pa. Hy soek my en hy gaan my vandag kry.”

En voordat Hermanus kan keer, stap Fred oorgehaal in die rigting van die ander tent. Attie en Hermanus kyk vir Fred gespanne agterna en weet nie wat om te verwag nie. Die groepie rondom Coetzee raak stil toe Fred nader kom. Skalla swaai om en bekyk sy stiefbroer met ŉ uitdagende lag. “A-ha! Die kandidaatjie is uitgevat, nè?” Sy oë gly oor Fred se duur pak klere.

Fred moet homself beteuel. “Wat soek jy hier?”

Skalla verhef sy stem, sodat dit die omstanders se aandag trek: “Wat panic jy so, Boetie?”

3.1 Watter belangrike gebeurtenis het hierdie dag op Salamanderbaai plaasgevind? (1)

3.2 Watter rol het Attie in Fred se lewe gespeel? (1)

3.3 Hoe het Hermanus en Fred se emosies verskil toe hulle vir Schalk gesien het? (2)

3.4 Verwys na reël 4.

Hoekom het Hermanus die verkleiningsvorm “Schalk**ie**” gebruik? (1)

3.5 Hoekom, dink jy, sou Fred ŉ goeie keuse as burgemeester van Salamanderbaai wees? (1)

3.6 Fred en Schalk was albei deel van die bekende Blanckenberg-gesin, maar het baie verskil. Noem EEN verskil en verwys na albei broers in jou antwoord. (2)

3.7 Hoekom is Schalk as die swartskaap van die familie gebrandmerk? Gee TWEE redes uit sy lewe voor sy terugkoms na Salamanderbaai. (2)


WESTERN CAPE

3.8 Schalk het met sy terugkoms vir sy pa gesê dat die Kaap vir hom te klein begin word het.

3.8.1 Wat bedoel Schalk met hierdie woorde? (1)

3.8.2 Wat het Schalk gedoen dat die Kaap vir hom te klein geword het? (1)

3.9 "Die groepie rondom Coetzee raak stil toe Fred nader kom." (Reël 15–16)

Waarom het dié groepie stil geraak? (1)

3.10 Hoekom het Schalk dié dag by die munisipale kantore aangekom? (1)

3.11 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.11) en die antwoord neer.

Toe Schalk aan die einde van die uittreksel vir Fred "Boetie" genoem het, het Schalk dit (liefdevol/sarkasties) bedoel. (1)

3.12 Hoe het Schalk ELK van die volgende karakters se lewens negatief beïnvloed?

3.12.1 Ryna (1)

3.12.2 Sheila (1)

3.12.3 Janka (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Hermanus, in sy rooi kamerjas, verskyn in die deur en kyk hulle geskok aan.

"Nee, ek hoef nie my bek te hou nie! Want ek het niks te verloor nie. Daarom is ek nie bang nie." Sy stem breek meteens, sodat hy op sagter toon vervat, "ek wil net vir jou kom sê ... Elsabet het dit nie verdien nie. Sy was ... so mooi."

Hermanus kom nader. "Schalk ... dit was nie Fred se skuld nie! Ons weet nie hoekom sy op die boot uit is nie ... wat haar besiel het nie!"

Skalla kyk sy pa waterpas in die oë. Sy stem is gevaarlik laag: "Dis reg so, Pa. Dis nie Fred se skuld nie. Dis nooit Fred se skuld nie."

Hermanus sug diep en loop uit tot in die portaal.

Skalla meet Fred en dan sê hy sag: "Haar naam is Jackie. Toemaar, Boetie. Moenie panic nie. Ek wil nie dié slag geld hê nie."

Hy gaan uit.

In die portaal keer Hermanus hom voor. "Jy maak ŉ fout, Schalkie. Fred was goed vir haar. Hy't haar alles gegee wat haar hart begeer het."

Skalla antwoord nie. Hy maak die voordeur oop.

3.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.13) neer, byvoorbeeld 3.13 E.

Fred wou ná Elsabet se begrafnis nie ...

A meer vir Janka gesorg het nie.
B meer by Jackie gaan kuier het nie.
C saam met sy gesin gekuier het nie.
D sy skuld aan haar dood erken het nie. (1)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.14) neer, byvoorbeeld 3.14 E.

Ousanna het Oukersaand die gebeure van Elsabet se dood beleef omdat sy ...

A ŉ bygelowige, ou vrou was.
B die storm hoor aankom het.
C kon vooruitsien wat sou gebeur.
D ŉ boodskap van Elsabet gekry het. (1)

3.15 "Schalk ... dit was nie Fred se skuld nie!" (Reël 7)

Hoekom was Hermanus se woorde nie waar nie? (1)

3.16 Elsabet het op die seilboot vir Schalk van Fred se ontrouheid vertel.

Waarom was dit nie vir Schalk nuus nie? (1)

3.17 Wie was die Jackie waarna in die uittreksel verwys word? (1)

3.18 In beide uittreksels stel Schalk vir Fred gerus dat hy nie moet "panic" nie.

Waaroor kon Fred gerus voel? (1)

3.19 "Hy't haar alles gegee wat haar hart begeer het." (Reël 16)

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.20 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.20) en die antwoord neer.

Hermanus wou Ousanna se huis koop omdat hy (bitter/skuldig) gevoel het oor Schalk se grootwordjare. (1)

3.21 Kies die karakter in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.21.1–3.21.4) neer, byvoorbeeld 3.21.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.21.1 | Hy het geweier om verder by onwettighede betrokke te raak. | A | Jacob |
| 3.21.2 | Hy is dopgehou, gevang en tronk toe gestuur as gevolg van die rooi koekies. | B | Reggie |
| 3.21.3 | Hy het gedreig om wraak te neem as gevolg van die skietongeluk. | C | Billy |
| 3.21.4 | Hy het ŉ krimineel vir die polisie weggesteek. | D | Matthys |
| | | E | Vincent |

(4 x 1) (4)

3.22 Op watter manier, dink jy, kon Jacob na die skietongeluk ander keuses gemaak het? (1)

3.23 Op watter manier was Fred nie ŉ goeie voorbeeld vir sy kinders nie? (1)

3.24 Hermanus het swaar gekry oor sy kinders se verkeerde keuses.

In watter situasie ná die skietongeluk op Meeuland het jy Hermanus die jammerste gekry? Gee ŉ rede hoekom jy so sê. (2)

3.25 Hoe het die skrywer probeer om die leser se negatiewe persepsie oor Fred ná die skietongeluk te verander? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS G

*Oompie Pengi dronk. Klopdans met bottel voor sy mond. Slaan oor in gebed.*

HOEDJIE *(aan Poppie).* Maar Ouma het nie kwaad geword vir oompie Pengi nie, en as sy wil hê hy moet ophou bid, begin sy te sing. Dan sing ons almal saam.

*Ouma se stem styg uit. Ander sing weer harder.*

POPPIE. Dit was lekker om saam met Ouma te gaan hout maak in die veld, want ons was agter die gom aan.

MOSIE. Daai's my gom in die boom, daai stuk is myne!

POPPIE. As die houtveld naby is en ons het net 'n paar krummels vir die vuuraansteek nodig, het ons laatmiddag gegaan, maar as ons houtveld ver is, moet ons vroegoggend gaan.

OUMA HANNIE. Khawuleza ... kom hiesonatoe ... toe, bring die hout ...

*Ouma breek die hout oor haar knie. Die kinders dra hout na die neersitplek. Ouma maak draggies van die hout, draai 'n rol van lap vir hulle koppe, balanseer versigtig die draggies op hulle koppe.*

POPPIE. As die hout begin lê op jou kop, begin roer soos jy loop, dan los jy jou hand, dan draf jy met die pad same ... Dis skimmeraand as jy die huise voor jou sien, die vuurtjies brand in die jaartse. Oompie Pengi lê by die vuur. Hy krul hom op sy sy asof hy seer kry; hy't die bottel teen die mond, ons hoor hoe hy drink.

4.1 Wie was oompie Pengi? (1)

4.2 Watter belangrike lewensles kon Poppie uit ouma Hannie se hantering van oompie Pengi leer? (1)

4.3 Verduidelik die ironie in reël 2–3. (2)

4.4 Drankmisbruik is 'n sosiale probleem vir die karakters in die drama.

4.4.1 Hoe het die kinders op oompie Pengi se drankmisbruik gereageer? (1)

4.4.2 Hoe sou drankmisbruik later in die drama 'n negatiewe invloed op die gemeenskap hê? (1)

4.5 "*Ouma se stem styg uit. Ander sing weer harder.*" (Reël 5)

4.5.1 Watter rol speel musiek in die drama? (1)

4.5.2 Waarom, dink jy, het dit die karakters in hierdie drama dikwels gehelp om te sing? (1)

4.5.3 Watter rol het sang gespeel toe ouma Hannie gesterf het? (1)

4.6 "POPPIE. Dit was lekker om saam met Ouma te gaan hout maak in die veld, want ons was agter die gom aan." (Reël 6–7)

Hoe weet jy dat Poppie goeie tye as kind beleef het? Noem EEN ander positiewe herinnering. (1)

4.7 "OUMA HANNIE. Khawuleza ... kom hiesonatoe ... toe, bring die hout ..." (Reël 12)

Met watter doel het Ouma Hannie ook isiXhosa gepraat? (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.8) en die antwoord neer.

Poppie het nie 'n pa gehad wat by die huis was nie omdat hy (op die visskuite gaan werk/lorries in die oorlog bestuur) het. (1)

4.9 Toe ma Lena weer getrou het, het Poppie 'n nuwe pa gekry.

Hoe het dit Poppie se lewe negatief beïnvloed? Noem TWEE feite. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

*Poppie sit op blik, skryf brief aan tata-ka-Bonsile. Lees hardop.*

POPPIE. Op Saterdag het twee manne na ons huis gekom. Hulle sê: Iets het verkeerd gegaan by ons plek en die spoor loop na jou huis toe. Die moeilikheid is met ons meisiekind.

*Aan die anderkant van die verhoog ontvang en lees Stone die brief.*

STONE. Hulle vra damage-geld, soveel soos jy kan stuur. Die meisie is 'n weeskind. Sy gaan saam met Bonsile skool, sy is saam met hom in st. 8. Die mense wat die geld vra, sê hulle het haar grootgemaak en nou is sy pregnant deur hom. Bonsile het haar geleerdheid bederf.

MOSIE. Tata-ka-Bonsile het veertig rand gestuur en die mense was tevrede. Maar daar het hierdie tyd 'n groot eensaamheid en verlange in Poppie se hart gekom. Sy het gevoel: ek is ver van my mense af. Ek moet omsien na my kinders en ek is alleen. Wat gaan van my en my kinders word?

JAKKIE. Sy het besluit om werk te soek in Oos-Londen as char, om te help betaal vir die skoolkinders se skoolgeld. Maar voordat sy begin werk soek het, kry sy 'n telegram.

POPPIE (*skrik; lees telegram*). "Jou man is baie siek. Verwag geld. Mama." *(Na gehoor.)* Toe skrik ek, want ek weet as hulle sê verwag geld, is daar moeilikheid. Ek gaat toe na my buurman en sê vir hom: Kyk wat het ek gekry.

4.10 Waar het Poppie gewoon toe sy die brief geskryf het? (Reël 1) (1)

4.11 Om watter rede moes Poppie hier (VRAAG 4.10) gaan woon het? (1)

4.12 Hoe wys die toneelaanwysings in reël 1 en reël 5 dat daar 'n groot afstand tussen Poppie en Stone was? (1)

4.13 "Bonsile het haar geleerdheid bederf." (Reël 9)

4.13.1 Verduidelik wat hierdie woorde beteken. (1)

4.13.2 Hoekom was Poppie bekommerd oor Bonsile? (1)

4.14 Hoe het Poppie later vir Bonsile met sy kind gehelp? (1)

4.15 "Sy het gevoel: ek is ver van my mense af." (Reël 12)

Waaruit kan ons aflei dat dit ook nie beter met Poppie gegaan het toe sy teruggegaan het Kaap toe nie? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.16) neer, byvoorbeeld 4.16 E.

Toe Poppie en haar kinders Ciskei toe getrek het, het die gesin ...

A by haar skoonfamilie gaan bly.
B nuwe avonture beleef.
C soms konflik beleef.
D die polisie gevrees. (1)

4.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.17) neer, byvoorbeeld 4.17 E.

Poppie was ... omdat sy haar kinders alleen moes grootmaak ná Stone se dood.

A opgewonde
B moedeloos
C gelukkig
D geskok (1)

4.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.18) en die antwoord neer.

Poppie moes saam met haar kinders in die Ciskei in 'n huis gaan bly wat ('n gemaklike blyplek was/nie reg was om in te bly nie). (1)

4.19 Verduidelik die rol wat Poppie gespeel het in die lewens van:

4.19.1 Haar kinders (1)

4.19.2 Haar familie (1)

4.19.3 Haar skoonfamilie (1)

4.20 Kies die toneelaanwysing in KOLOM A wat by die dramafunksie in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.20.1–4.20.4) neer, byvoorbeeld 4.20.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.20.1 | *Klopdans met bottel voor sy mond.* (Teks G, Reël 1) | A | Dui ruimte aan. |
| | | B | Dui emosie aan. |
| 4.20.2 | *op blik* (Teks H, Reël 1) | C | Dui handeling aan. |
| 4.20.3 | *Aan die anderkant van die verhoog* (Teks H, Reël 5) | D | Dui dekor aan. |
| 4.20.4 | (*skrik; lees telegram*). (Teks H, Reël 17) | E | Dui konflik aan. |

(4 x 1) (4)

4.21 Dink jy die drama eindig ongelukkig? Motiveer jou antwoord. (1)

4.22 Waarom, dink jy, was dit nie goed vir Poppie om in Mdantsane te gaan bly nie? (1)

4.23 Hoekom is Poppie ’n rolmodel vir vroue wat as gevolg van omstandighede nie elke dag deel van hulle gesinne kan wees nie? (1)

**[35]**

## VRAAG 5: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

21. Op die stoep dirigeer Hendrik vaagweg met sy hand die grammofoonmusiek. Dis Josef Schmidt of een van daardie snare. Dis romantiese, melancholiese musiek: salf vir sy eensame siel. Hendrik sing weer die laaste woorde saam. En hy is skielik amper half asof hy bietjie aangedaan is.

HENDRIK: Ek het altyd, toe ek nog na haar gevry het, altyd vir die draadloos geskryf hulle moet vir Katrina die ou dingetjie speel Saterdagaand met die versoeke. Dan speel hulle dit nogal, hoor! Of partykeer dan speel sy dit vir my op die klavier.
NOLLIE (*bietjie verbaas*): Kan die tannie dan klavier speel?
HENDRIK: Wat praat jy? Sy't vir Emma geleer! Nou sit nie een van hulle ooit 'n hand op 'n klawer nie. (*Willem kom uit met die skinkbord met koffie. Hy sit dit op die tafeltjie langs die plate neer.*) Dankie, my kind. Sit sommer hier. Waar's Emma? *(Die kind wys: sy's weg.*) Weer weggehol. Sy moet maar lekker hol. Haar moeilikheid is sy ken nie 'n goeie vryer as sy een sien nie. *(Nollie het 'n nuwe plaat opgesit en dit begin speel. En Hendrik sing 'n paar woorde saam.*) Kom hier, Willem. Kom sit op jou pa se skoot. (*Die kind kom sit op sy pa se skoot en Hendrik hou hom styf vas.*)

5.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die antwoord neer.

Toe Hendrik aan sy en Katrien se jongmensdae terugdink, was hy (aggressief/nostalgies). (1)

5.2 "Dis romantiese, melancholiese musiek: salf vir sy eensame siel." (Reël 3)

5.2.1 Verduidelik die ironie in reël 3. (2)

5.2.2 Wat beteken "salf vir sy eensame siel" in die aanhaling? (1)

5.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.3) neer, byvoorbeeld 5.3 E.

Hendrik het 'n bietjie hartseer geraak toe hy na die musiek luister (reël 4–5) omdat ...

A Katrien nie die musiek kon hoor nie.
B hy terugverlang het na die tyd toe hy ongetroud was.
C hy nooit die lande van die musiek sou kon besoek nie.
D sy verhouding met Katrien nie soos vroeër was nie. (1)

5.4 "... vir Katrina die ou dingetjie speel ..." (Reël 7)

Waarna verwys Hendrik as hy van die "ou dingetjie" praat? (1)

5.5 "NOLLIE (*bietjie verbaas*): Kan die tannie dan klavier speel?" (Reël 10)

5.5.1 Wat is die funksie van die toneelaanwysings tussen hakies in hierdie reël? (1)

5.5.2 Wie het dit reggekry om weer vir Emma te laat klavier speel? (1)

5.5.3 Waarvan het Emma se klavierspel later in die drama ŉ simbool geword? (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) neer, byvoorbeeld 5.6 E.

Die feit dat Katrien nie meer klavier gespeel het nie, simboliseer ook haar ...

A ontrouheid.
B bekommernis.
C siektetoestand.
D ongelukkigheid. (1)

5.7 Watter rol wou Manuel gehad het, moes sy musiek in Willem se lewe speel? (1)

5.8 Nollie het in Emma belanggestel, maar Emma was onseker en bang. (Reël 14–15)

5.8.1 Vertel van die situasie (vroeër) tussen Emma en Nollie toe Emma seergekry het. Gee DRIE feite. (3)

5.8.2 Wat was die oorsaak van Emma se onsekerheid en vrees vir ŉ verhouding? (1)

5.8.3 Wat het Emma dikwels aan die begin gedoen as Nollie kom kuier het? (1)

5.8.4 Emma en Nollie se verhouding het deur die loop van die drama verbeter.

Motiveer hierdie stelling met EEN feit. (1)

5.9 Willem het by Manuel in die skuur gehuil. Waaroor was hy hartseer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

144. Die McDonald-huis se stoep is vol mense wat lag en lawaai. ŉ Mens hoor Hendrik se musiek bokant die rumoer.

Hendrik skink met sy tuingietertjie bietjie dam by iemand se dop.

145. Katrien kom op die stoep uit met ŉ skinkbord vol glase. Willem staan vir sy pa en ma en kyk.

Katrien sê iets vir Hendrik naby sy oor en hy lag. Hy sit sy gietertjie neer en sit sy arms om Katrien en probeer haar teen hom vasdruk. Maar die skinkbord is in die pad.

Willem gaan sit op die stoepmuurtjie en hou die konsertina teen sy oor en druk ŉ paar note. Maar hy hoor nie wat hy speel nie.

Hy kry ŉ stukkie swart lyn beet wat by sy hempsmou uitsteek. Hy begin trek daaraan. Daar kom ŉ meter lyn uit, twee meter, vyf meter, tien meter lyn. Hy bind die punt van die lyn aan die konsertina se handstuk vas.

Daar is ŉ skielike gelag en Willem kyk op en sien hoe Hendrik met oordrewe gebare met Katrien dans.

Almal klap ritmies vir hulle hande.

146. Willem spring aan die buitekant van die stoepmuurtjie af en stap oor die werf. Daar staan ŉ stuk of twintig motors. Die dakke blink in die maanlig.

5.10 Hoe verskil die atmosfeer in die McDonald-huis in hierdie uittreksel van die atmosfeer reg aan die begin van die drama? (2)

5.11 Hendrik is ŉ eenvoudige mens.

Haal EEN reël uit die uittreksel aan wat wys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

5.12 Watter belangrike besluit het die gesin ná die Volstruisdans oor kommunikasie geneem? (1)

5.13 Verwys na reël 13. Waarom bind Willem die tou aan die konsertina se handstuk vas? (1)

5.14 "... sien hoe Hendrik met oordrewe gebare met Katrien dans." (Reël 14–15)

Waarom is hierdie inligting funksioneel in die slot van die drama? (1)

5.15 Hoe het Hendrik aan die einde van die drama gewys dat hy iemand was wat maklik kon vergewe? Gee TWEE feite om jou antwoord te motiveer. (2)

Kopiereg voorbehou 

5.16 Kies die inligting in KOLOM B wat by die simbool in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.16.1–5.16.4) neer, byvoorbeeld 5.16.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.16.1 | Hendrik se stukkende motor | A | Vooroordeel teenoor mense |
| 5.16.2 | Die sirkus | B | Toorkuns help mense |
| 5.16.3 | Die trein | C | 'n Opwindende lewe |
| 5.16.4 | Die kerk | D | 'n Kans om weg te kom |
| | | E | Gebroke verhoudings |

(4 x 1) (4)

5.17 Watter TWEE funksies het die toertjies in Willem se lewe vervul? (2)

5.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.18) en die antwoord neer.

Die woord "paljas" beteken ("toertjies"/"toorgoed"). (1)

5.19 Wat is die funksie van die nommers 144, 145 en 146 in die teks? (1)

5.20 Waarom, dink jy, is dit gepas dat die drama eindig met die konsertina wat speel? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

### *STORIEJOERNAAL*

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.**

### VRAAG 6

**"ROOI KOMBERSIE" – Rachelle Greeff**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

Nou eers, terwyl sy só in ŉ hopie sit op die kleiteëls waarmee die hele huis uitgelê is, besef Lila sy's koud, yskoud. Sy onthou ook nou sy't nog nie een van die katte gesien nie. Scar was vroeër die aand nog op haar skoot voor die televisie. Senuwees of senings, sy weet nie wat nie, maar in haar lyf pluk dit, pluk dit soos die hand van die een aan die begin met die mes teen haar keel. Drie bly by hulle; dreig dat hulle later terugkom. Die ander twee dra uit: televisie, videospeler, verkyker, kameras, leerbaadjies. Vra waar nog maskeerband is. Daniel beduie die maskeerband is op, maar daar's nog van die taai grys band waarmee mens bokse toeplak.

Net voor Lila se mond weer toegeplak word, vra sy, steeds met haar oë afgeslaan: "Ek kry koud. In die kamer langsaan lê ŉ kombers, ŉ rooie. Dit het uit die kas geval. Op die vloer. Kan iemand dit asseblief vir my bring?"

Die een wat op die vergulde pen beslag gelê het, kom terug met die kombers. Hy slenter nonchalant, soos ŉ skarminkel in ŉ fliek sou wegdrentel van die toneel van misdaad.

Lila kan die kombers nie aanvat nie, want haar hande is met ŉ stuk nylontou agter haar rug vasgebind ...

6.1 "Ek kry koud. In die kamer langsaan lê ŉ kombers, ŉ rooie." (Reël 11)

6.1.1 Wanneer het Lila die kombersie gekry? (1)

6.1.2 Hoe het Lila gewys dat sy die kombersie geniet het? (1)

6.1.3 Hoe het die rit huis toe aan die einde van Lila se eerste jaar op universiteit ook gewys dat die kombersie belangrik was? (1)

6.2 Die twee belangrikste gebeure in hierdie verhaal was die brand en die inbraak.

Vertel van DRIE ooreenkomste tussen hierdie twee gebeure. (3)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer, byvoorbeeld 6.3 E.

Die ruimte waarin die gebeure in die uittreksel afspeel, is ...

A Kaapstad.
B die Groot-Karoo.
C die Boland.
D Port Elizabeth. (1)

Kopiereg voorbehou
WESTERN CAPE

6.4 Lila en Daniel het nie altyd verantwoordelike besluite oor die veiligheid by hul huis geneem nie.

Gee EEN voorbeeld as bewys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

6.5 "Lila kan die kombers nie aanvat nie" (Reël 16)

In watter deel van die huis het Lila haar bevind? (1)

6.6 Wat het Lila oor die inbreker se voorkoms opgelet toe hy teruggekom het met die kombersie? (1)

6.7 Kies die KORREKTE woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1 en 6.7.2) en die woorde neer.

Die inbrekers het vroeër na (6.7.1) (kontant/vuurwapens) gesoek. Omdat hy dit nie gehad het nie, het Daniel toe sy (6.7.2) (motorfiets/bankkaart) vir hulle aangebied. (2)

6.8 Hierdie verhaal het ŉ oop slot.

6.8.1 Verduidelik waarom die slot as oop beskryf word. (1)

6.8.2 Waarom, dink jy, het die skrywer op ŉ oop slot besluit? (1)

6.9 Kies die voorwerp in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.9.1–6.9.4) neer, byvoorbeeld 6.9.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Die diewe kry dit nie in die huis nie. | A | die lentedansfoto |
| 6.9.2 | ŉ Deel van Lila se kosbare eerstejaarherinneringe | B | ŉ goue pen |
| | | C | brons en koper juwele |
| 6.9.3 | ŉ Waardevolle vonds vir die inbrekers | D | ŉ oorgehaalde rewolwer |
| 6.9.4 | Dreigende gevaar | E | ŉ kluis |

(4 x 1) (4)

**EN**

**"BABY" – EKM Dido**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

Ma en Antie Queenie is die bult op om die twee enkelbeddens in ouma Stienie se voorhuis te gaan opmaak. My hart brand om met Baby maats te wees, sodat ek darem agterna kan spog dat ek 'n nuwe maat uit die stad bygekry het. Maar haar pa se arm bly om haar skouer. Later vra sy haar pa om toilet toe te gaan. Hy kyk na die gordyn wat die slaapkamer van die voorhuis skei, en Pa sê vir hom dat die puttoilet buite op die werf is. Haar pa haal sy hand traag van haar skouer af toe sy opstaan en sê: "Onthou jou pilletjies as jy terugkom, Sugar."

Eers toe ek en Baby oor die werf na die toilet toe stap, sien ek hoe sy haar heupe met elke stap rondswaai. Tot groot vermaak van al die kinders wat op ons werf saamdrom. By die toilet gaan ek saam met haar in, soos ek altyd met my maats maak. Dis ook maar goed, want ons is skaars binne, toe begin Baby snot en trane te huil. Sy blaas sommer haar neus aan die soom van haar kort rok. So tussen die snikke deur praat sy. "Daai sersant wou nie na my luister nie! Ek wil huis toe gaan! Ek wil by Mô wees!"

6.10 Wie is die verteller in hierdie verhaal? (1)

6.11 Hoe het dit gebeur dat oom Attie en Baby by die verteller se huis beland het? Noem TWEE feite. (2)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.12) neer, byvoorbeeld 6.12 E.

Attie het dikwels sy arm om Baby se skouer gesit. Dit het sy ... haar gewys.

A trots op
B liefde vir
C beheer oor
D simpatie met (1)

6.13 "... sien ek hoe sy haar heupe met elke stap rondswaai." (Reël 9–10)

6.13.1 Hoekom het Baby vir die mense ook ouer gelyk as wat sy regtig was? (1)

6.13.2 Wat, het die bure gedink, het Baby makeer toe sy die volgende dag by hulle huise verbystap? (1)

6.14 Baby het in die toilet gehuil.

Waaraan kon 'n mens vroeër sien dat sy ongelukkig was? (1)

Kopiereg voorbehou

6.15 "... Ek wil by Mô wees!" (Reël 15)

6.15.1 Waarom is die woord "Ma" in hierdie sin op 'n ander manier gespel? (1)

6.15.2 Hoe het die gebruik van die woord "Mô" Baby aan die einde van die verhaal gered? Gee TWEE redes. (2)

6.16 Waarom is die gebruik van die bynaam "Sugar" (reël 8) ironies? (2)

6.17 Hoekom kan die leser van hierdie verhaal respek vir die mense van die Onderdorp hê? (1)

6.18 Watter boodskap word spesifiek aan meisies in hierdie verhaal oorgedra? (1)

6.19 Hoe word die spanning in hierdie verhaal opgebou? (1)

6.20 Hoekom kan ons sê dat hierdie kortverhaal positief geëindig het? (1)

6.21 Wat kan die leser uit Sersant de Wit se vrou se hantering van Baby se saak leer? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSJOERNAAL***

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.**

## VRAAG 7

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SPORE OP DIE MAAN – Koos du Plessis**

Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,
want iets sê: "Stomme drommel,
die ruimte lê vol rommel"
En ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Want die stad blom elke nag,
strooi sy saad en skemerdag
breek staalspruite deur die aardkors.
waar jy gaan.
Rommelberge groei omheen
en daar's swaelsuur in die reën –
en, kyk, daar lê reeds spore op die maan.
Waarheen sou ek gaan?
Ontvlug is onbegonne;
selfs droom is onbesonne,
want die wêreld is oorwonne
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe paaie om te baan;
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke hektaar is verkoop,
elke opstal lê gesloop
en die wêreld wag verwese, in die waan
dat 'n wonder sal gebeur
om sy rusperleërs te keer –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Vlug na berg of woud ...
Meen jy dat daar geeneen is;
dat jy eindelik alleen is?
Ag, verspieders loer op Venus
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke woord is retoriek,
elke droom is bloot plastiek
en atoom's die idioom van wie verstaan.

Iewers moet 'n rusplek wees
vir die afgematte gees –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan;
duisend donker spore op die maan.
Kyk, daar lê reeds spore op die maan.

7.1 Na watter belangrike gebeurtenis verwys die titel van die gedig? (1)

7.2 Watter nuwe plan het die mens in strofe 1 probeer maak? (1)

7.3 Noem EEN eienskap van 'n lied wat in strofe 1 voorkom. (1)

7.4 "want iets sê: 'Stomme drommel,
die ruimte lê vol rommel' " (Reël 2–3)

7.4.1 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 2? (1)

7.4.2 Hoe voel jy as jy die woorde "Stomme drommel" gebruik? (1)

7.5 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat aandui dat die besoedeling buite beheer geraak het. (1)

7.6 Volgens strofe 3 sal dit nie help om te droom nie. Gee TWEE redes waarom dit nie sal help om te droom nie. (2)

7.7 Haal EEN WOORD uit strofe 6 aan wat elisie aandui. (1)

7.8 Kies die letterkundeterm in KOLOM B wat by die versreël in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) neer, byvoorbeeld 7.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.8.1 | "want iets sê: 'Stomme drommel' " (Reël 2) | A | oordrywing |
| | | B | assonansie |
| 7.8.2 | "en die wêreld wag verwese" (Reël 23) | C | onomatopee |
| 7.8.3 | "om sy rusperleërs te keer" (Reël 25) | D | metafoor |
| 7.8.4 | "duisend donker spore op die maan" (Reël 40) | E | alliterasie |

(4 x 1) (4)

7.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.9) neer, byvoorbeeld 7.9 E.

Die stemming in hierdie gedig is ...

A vrolik.
B opgewek.
C nostalgies.
D neerdrukkend. (1)

7.10 Sê hoe die titel van die gedig by die inhoud van die gedig aansluit.

Verwys eers na die titel en die inhoud aan die een kant en dan hoe dit by mekaar aansluit aan die ander kant. (2)

7.11 Die spreker in die gedig sê: "Elke woord is retoriek" (reël 34).

Dink aan die tema van die gedig. Is hierdie spreker se woorde vandag nog relevant? Verduidelik jou antwoord. (1)

7.12 Waarom herhaal die spreker die bevel "kyk" in die gedig? (1)

**EN**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**WOORDE – Vincent Oliphant**

my woorde het nie die krag
om bose magte tot ŉ val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie ŉ dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

7.13 Watter woord dui aan dat die gedig ŉ persoonlike gedig is? (1)

7.14 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.14) en die woord neer.

Die gedig is ŉ voorbeeld van (protespoësie/ŉ vrye vers). (1)

7.15 Gee ŉ rede vir jou antwoord op VRAAG 7.14. (1)

7.16 Die gedig begin negatief. Watter woord in strofe 1 bring 'n verandering na die positiewe mee? (1)

7.17 Verwys na reël 4 en 5.

7.17.1 Wanneer het mense letterlik nodig om onder iets te "skuil"? (1)

7.17.2 Die spreker gebruik die woorde "my woorde is nie 'n dak nie" figuurlik.

Wat bedoel die spreker met hierdie woorde? (1)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.18) neer, byvoorbeeld 7.18 E.

Die woord "swak" (reël 6) ...

A word konnotatief gebruik.
B kontrasteer met "het nie die krag" (reël 1).
C word in die gedig beklemtoon.
D vertel hoekom die spreker "koeëls en grofgeskut" moet kry. (1)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.19) en die antwoord neer.

Die uitdrukking "dat ons die kromme note haal" (reël 8) beteken dat ons (sonder moeilikheid deur die lewe gaan/'n probleem met moeite oplos). (1)

7.20 Haal 'n WOORD uit strofe 3 aan wat aandui dat die spreker se woorde opreg is. (1)

7.21 Haal die reël aan waarin die leser direk betrek word. (1)

7.22 Die spreker se woorde in strofe 4 is glad nie so "swak" nie.

7.22.1 Watter DRIE dinge kan die spreker se woorde wel volgens die laaste strofe doen? Skryf net die DRIE werkwoorde neer. (3)

7.22.2 Wat is die funksie van die herhaling van die woord "en"? (1)

7.23 Watter TWEE wense het die spreker aan die einde van die gedig? (2)

7.24 Watter positiewe bydrae lewer hierdie gedig tot menseverhoudinge in Suid-Afrika? (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**


WESTERN CAPE